Dissipline in Grondslagfase

Visie:

Dit is belangrik om 'n Grondslagfase leerder op 'n liefdevolle, dog ferm manier aan te raak. Sodoende kan ons fokus op 'n positiewe motiveringstelsel. Ons kan nie swak gedrag/samewerking miskyk nie en glo ons moet bogenoemde aanspreek om elke kind in die klas optimale onderrig geleenthede te bied. Ons glo uit die stelsel sal Florrie-trots sy ontstaan hê tot in die senior fase en hopelik nog lank daarna.

Die Dissiplinestelsel werk as volg:

Die individu:

- Stelsel geskied oor 'n 2-week siklus.
- BOELIE KONTROLE WORD APART VAN DIE DISSIPLINE STELSEL GEDRYF
- Vir elke oortreding kry leerder 'n datum aangedui op die kontrolevorm by die betrokke oortreding.
- Wanneer leerder na twee weke drie inskrywings het word die ouers deur die dissiplinehoof van die graad geskakel en n waarskuwingsbrief word gegee.
- Wanneer leerder in die tweede siklus weer meer as drie oortredings het word die leerling na die Grondslagfase Hoof gestuur waarop die leerling dentensie kry.
- Ouers word in kennis gestel van detensie.
- Sodra leerder daarna nog 'n inskrywing kry en detensie was nie n oplossing nie sal die leerling na die Hoof van dissipline verwys word vir verdere ingryping.

- Saam met elke brief gaan ‘n sms aan ouers om hul in te lig oor brief.

- Onderwyser monitor leerlinge daagliks en fokus op positiewe aanmoediging.
- Detensie-skedule word op Donderdae opgestel en dit is onderwyser se plig om name naDept.hoof te stuur teen Woensdag 13:00.
- Detensie begin op ‘n Maandag.
- Na 2-week siklus, kry alle leerders ‘n nuwe kans.
- Onderwyser hou ALLE kontrole verslae en afskrifte van ALLE briewe wat uitgestuur is.
- Indien ‘n leerder vir die laaste 9 weke GEEN brief ontvang het nie (dus minder as 2 inskrywings per siklus ontvang het), word daardie leerders aan die einde van die kwartaal beloon met ‘n groen plakker. Drie groen plakkers word beloon met n ridder speltjie aan die einde van die jaar.

Die klas

- Boeliekontrole word ingevul wanneer leerlinge volgens die boeliekreteria oortree
- Word deur die graadhoof gemonitor en dan na die boeliekommitee gestuur
- Graadhoof hou die graad se boeliekontrolevorms
- Graadhoof en Departementshoof bespreek gevalle weekliks.